


# MISVERSTAAN… ONGEDAAN… GENADELOOS

## Ysbreker

Waaraan dink julle, of watter **betekenis** kom by julle op as julle die woord genade( of grace) hoor? (gebruik gerus 'n woordeboek om na verskillende tale se definisies van die woord te kyk – maak 'n lys van al die moontlikhede…)

Gee vir elkeen kans om 'n **eie definisie** vir die woord te gee

Dink julle genade is **kontroversieel** – verduidelik jou antwoord

## VIDEO

Kyk saam na **die video-snit van Philip Yancey** wat pas by Bybelstudie 1

- Wat het jou aangegryp of wat pla jou van wat hy sê?

**Opweg met die Woord:** Lees **Johannes 8:1-11** (Lees die verhaal 'n tweede keer, hierdie keer elkeen op sy eie)

- Wat het jou opgeval in die lees van die gedeelte?

- Dink julle dat die Fariseers het grond gehad vir hul aanklag teen hierdie vrou? Lees ook Levitikus 20:10 en Deut 22:22

- Hoe hanteer Jesus die wet hier anders? Wat is vir Hom belangriker?

**'n Moderne verhaal** (uit: What is so Amazing about Grace)

> A prostitute came to me in wretched straits, homeless, sick, unable to buy food for her two-year-old daughter. Through sobs and tears, she told me she had been renting out her daughter – two years old! – to men interested in kinky sex. She made more renting out her daughter for an hour than she could earn on her own in a night. She had to do it, she said, to support her own drug habit. I could hardly bear hearing her sordid story. For one thing, it made me legally liable – I'm required to report cases of child abuse. I had no idea what to say to this woman.
>
> At last I asked if she had ever thought of going to a church for help. I will never forget the look of pure, naïve shock that crossed her face. "Church!" she cried. "Why would I ever go there? I was already feeling terrible about myself! They'd just make me feel worse."

- Waarom is dit vir ons **baie moeilik om genade te hê** met mense in sulke omstandighede?

- Hoe is ons optrede veronderstel om **anders as die Fariseers** in Johannes 8 te wees? In watter mate stem dit ooreen? (!) (Of anders gestel: Hoekom sukkel die kerk om genade met sondaars te hê?)

- Watter verhale, **ervarings het julle al gehad** van mense wat julle (a) met genade en (b) sonder genade hanteer het? Hoe het dit jou laat voel?

Hoe maak **Jesus se genade-hantering** van mense **die evangelie-boodskap aantreklik?**

**VIR 'N DIEPER KYK NA JOUSELF :**

- **Watter verwagting het jy vir die reeks oor genade?**
- **Wie het in jou lewe genade met jou gehad? Teenoor wie moet jy genade hê?**
- **Op watter terein(ne) in jou lewe is die Gees besig om met jou te werk oor genade wat jy moet hê?**
- **Bid vir God om deur sy Gees jou hart oop te maak vir areas in jou lewe waar jy genade nodig het.**